SUGGESTED ANSWERS FOR VERSJOERNAAL ACTIVTIES
TALLE TONGE, E-SONNET

NON PROFITABLE PUBLICATION

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/

Talle tonge

1. Hierdie gedig het baie voorbeelde van kontras:
   a) “Talle” en “een”
   b) “heuningtong” en “bittertong”
   c) “stomp” en “skerp”
   d) “heuningtong” en “suur tong”

2. Elke keer wat die mens met sy mond moet reageer, doen hy dit op verskillende maniere. Somtyds maak sy woorde seer, ander kere help sy woorde heelmaak.

3. Verduidelik watter verskillende betekenisse die volgende beelde kan hê:
   a) 'n Heuningtong: Wanneer 'n mens met soet woorde iemand probeer beïndruk of iemand probeer vlei net om uiteindelik jou sin te kry.
   b) 'n Bitter tong: Onaangenaam wees, hartseer veroorsaak, haat versprei, seermaak – die woord bytend kan ook hier van toepassing wees.
   c) 'n Stomp tong: Staan teenoor “skerp tong” wat beteken 'n mens maak seer met jou woorde. Hier het dit die betekenis dat 'n mens liewer stilbly.
   d) 'n Skerp tong: Onvriendelik, met die doel om seer te maak, beledigend, bitsig, giftig en venynig.
   e) 'n Suur tong: Lelike, nors, onvriendelike dinge sê.
   f) 'n Snydende tong: Woorde wat diep sny in iemand anders se menswees en groot skade aanrig.
   g) 'n Salwende tong: Woorde wat 'n ander troos en lekker oor homself laat voel.

4. Figuurlik. Dit is metafore.

5. “my skerp tong/klap soos 'n sweep” of “my suur tong brand/brand soos asyn”

6. Dit wat die gedig bespreek, is eintlik universele waarhede, naamlik dat mense mekaar met woorde kan opbou of afbreek.

7. Dit is waar, omdat die grootste deel van die gedig negatiewe eienskappe noem. Slegs versreël 16 en versreëls 5 en 6 verwys na positiewe eienskappe.

8. “klap/klap”: Gee die klank weer van 'n sweep wat knal wanneer dit geklap word.

9. “bloei” (ook “keep”)

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/

10. Dit is dieselfde woorde, maar die woordorde verskil. In versreël 1 val die klem op die tong, maar in die slotreël val die klem op die spreker (en dus ook die leser) en is dit amper soos ‘n belydenis. Hy slaag sodoende daarin om die leser direk by die inhoud te betrek. Daar is dus progressie wat die inhoud aanbetref. Dit dien ook as 'n bindingsmiddel in die gedig.

11. Die woord “tong”: Dit word vanaf die titel in amper elke daaropvolgende versreël herhaal.

12. Positief: Wanneer 'n mens weet dat stilbly somtyds beter is. Negatief: Wanneer 'n mens stilbly wanneer dit nodig is om te praat, byvoorbeeld as iemand verkeerdelik beskuldig word of wanneer jy stilbly as jy iemand kan moed inpraat.

13. Opstel (150 woorde):

14. Heuningtong: Wanneer 'n mens met soet woorde iemand probeer beïndruk of iemand probeer vlei net om uiteindelik jou sin te kry.

15. Bitter tong: Die woord “bitter” het baie figuurlike toepassings. Die gesegde “iemand is 'n regte *bitterbek*” verwys na iemand wat ontevrede is en oor alles kla. As die spreker verwys na “bitter tong” sluit dit betekenisse in van onaangenaam wees, hartseer veroorsaak, haat versprei, seermaak – die woord bytend kan ook van toepassing wees.

16. Skerp tong: Die implisiete betekenis van skerp sluit in – onvriendelik, met die doel om seer te maak, beledigend, bitsig (*biting, harsh, snappish*), giftig (*poisonous*) en venynig (*venomous*). Trouens, hy vergelyk die “skerp tong” met 'n sweepslag wat iemand se menswees kan sny soos 'n sweephaal op die vel kan sny en 'n wond kan laat wat bloei en lank neem om gesond te word.

17. Suur tong: Dit kan insluit iemand wat 'n slegte humeur het en dikwels lelike, nors, onvriendelike dinge sê wat soos asyn op 'n wond brand en letsels (merke) laat wat nooit weer heel en glad word nie (“skend”).

18. Salwende tong: Jy kan iemand se seer beter maak met jou woorde, jy kan iemand se selfbeeld opbou deur mooi dinge te sê, jy kan iemand se lewe seën deur vir hom iets goeds op die regte tyd te sê.

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/

e-sonnet

1. elektroniese sonnet

2. In die eerste strofe vertel die spreker hoe sy in die verlede dit wat sy op papier geskryf het, georden het. Sy het die papiere met 'n skuifspeld of 'n kram aan mekaar vasgemaak. Sy het ook gaatjies in die papiere gepons om die papiere in ’n lêer in te voeg. In die tweede strofe vertel die spreker hoe sy nou boodskappe stuur of ontvang. In hierdie strofe stuur sy boodskappe elektronies/per e-pos.

3. “soos dit hoort”

4. “slaggereed”

5. Die punt (.) en die com wat 'n slotdeel van 'n e-posadres is.

6. “iewers in die ruimte” is die kuberruimte en “besoekers van buite” verwys na die boodskappe wat aan haar ge-e-pos word.

7. Die lang versreëls eindig met “ruimte” en “buite”. Albei woorde verwys na die kuberruimte. Daar is dus 'n duidelike saamtrek van versreëls. Dit suggereer dus die wye, onmeetlike kuberruimte. Die kort versreëls handel oor die e-posboodskap – die “posbus” en “gedot & gekom” is kort en kragtige kodes van 'n e-posboodskap. Dit dui moontlik op die kort afstand (in tyd) wat die boodskap neem om die ontvanger te bereik.

8. Die kliek van die rekenaarmuis.

9. Die paarrym suggereer 'n al hegter verhouding met haar rekenaar.

10. b) 'n Metafoor

11. Sy raak al meer onder sy mag. Sy raak afhanklik van haar rekenaar. As hy sou onklaar raak, sou sy heel waarskynlik baie sukkel!

12. a) Italiaanse sonnet
    b) Dit bestaan uit twee kwatryne wat saam die oktaaf vorm en 'n sekstet. Die rymskema is abba cdec ffgghg. (Die rymskema wyk dus af van die tradisionele Italiaanse sonnet.)

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/

c) Daar is nie soos in die tradisionele Italiaanse sonnet ’n beeld in die oktaaf wat gevolg word deur 'n toepassing of verdieping in die sekstet nie. Die wending kom in die begin van die tweede strofe voor waar sy begin vertel van die rekenaarwêreld. Die inhoud van hierdie gedig loop op na 'n klimaks waar sy in die slotreël toon dat sy vasgevang is in die mag van hierdie “eenoog-despoot”.

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/